

## Dis tyd om van rigting te verander...

**1 Korintiërs 9:25 ABA** : Elkeen wat resies wil hardloop, weet dat daar baie dinge is wat hy nie mag doen nie. As hy daardie verkeerde dinge doen, dan kan hy nie wen nie. En as hy wen, dan kry hy 'n lourier-krans. Hierdie kransie se blare bly nie lank mooi nie, dit verlep gou. Maar ons wat werk vir die goeie boodskap van Christus, ons kry 'n prys wat altyd mooi bly, dit verlep nooit nie.

Verantwoordelikheid verg van ons om 'n lewe te maak en ons familie te ondersteun. Voel jy egter diep binne-in jou dat jy 'geroep' is om iets anders te doen? Die dissipels het hulle grootste vangs gehad, toe Jesus vir hulle gesê het om die sekuriteit van die strand te verlaat en die diep waters in te vaar. Hier is 'n hedendaagse verhaal om jou aan te moedig: Jerry Richardson het in 1961 voor 'n belangrike besluit te staan gekom. In daardie dae het hy voetbal vir die Baltimore Colts gespeel, 'n werk wat as glansryk en veilig gesien is. Toe hy egter nie die verhoging kry waarvoor hy aansoek gedoen het nie, het hy gevoel dat dit tyd is om 'n risiko te neem en te doen wat hy nog altyd wou doen - sy eie besigheid begin. Hy en sy familie het teruggetrek Suid Carolina toe, waar 'n ou universiteitsvriend hom uitgenooi het om aandele in 'n hamburger kiosk te koop. Richardson het die risiko geneem en Hardee's se eerste konsessie gekoop. Hy het van, om 'n voetbal te vang, na hamburgers vir twaalf uur 'n dag te braai, gegaan. Hy het stowe geskrop en vloere gemop. Sy salaris? Slegs \$147 'n maand. So moeg en gefrustreerd soos hy egter was, het hy geweier om tou op te gooi. Hy het dieselfde dissipline wat hy op die voetbalveld gebruik het, gebruik om daarop te fokus om sy restaurant meer doeltreffend en sy pryse bekostigbaar te maak. Kort voor lank het sy besigheid uit sy nate gebars. Hy het uiteindelik die hoof van die een van die grootste voedseldiens maatskappye in Amerika geword, wat elke jaar \$3.7 biljoen in verkope gehad het. O, en nog 'n ding. Hy het ook die eienaar van die NFL geword en die Carolina Panthers konsessie gevestig, wat hy vir drie-en-twintig jaar besit het.

*Sielskos: 2 Kor 11:21-33; 2 Kor 12:7-10; Hand 16:16-40; Hand 19:11-12*

Geskryf deur Bob & Debby Gass

## Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir deurbraak in haar gesondheid
- \*Bid vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Sy het MS
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- \*Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- \*Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- \*Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Basie Roux vir volle genesing-het prostaatkanker
- \*Bid vir Suzette Fourie vir volle genesing
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- \*Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- \*Bid vir Oom Jacob Versveld (Louis se pa)-vir volle herstel na operasie
- \*Bid vir oom Brummer (Erika se pa) hy is in die hospitaal
- \*Bid vir Jaap Naude vir volle genesing
- \*Bid vir Myrtle Mans se ma-vir volle herstel na operasie
- \*Bid vir Rudolf Prinsloo se ma (Maud) vir volle genesing

## Matt 7:1-2:

“Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.

## Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .  
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening  
Rekno.: 0520580654  
Takkode: 632005

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



“Onderwerp jou aan God,  
dan sal jy in vrede leef, en  
so sal jy voorspoed hê.”  
- Job 22:21 ANV

## Gedagte vir die week

WHEN LIFE  
GETS TOO  
HARD TO  
STAND

.... Kneel